[11]

TELEFOON

# DIE RAPPORTRYERSKORPS

VAN Waterpoort

GEAFFILIEER BY
DIE FEDERASIE VAN
RAPPORTRYERSKORPSE

ADRES Posbus 2581
0700 Pietersburg

DATUM 21 April 1992

DIE VOORSITTER KODESA
KODESA
POSBUS 307
1600 ISANDO

Meneer,

*__Die gebruik van Afrikaans in beraadslaging by Kodesa__*

In die geledere van ons korps bestaan daar baie begrip vir die allernoodsaaklike onderhandelings wat by u forum tans aan die orde van die dag is.

Die gevoel is egter dat daar 'n groter mate van begrip en eenstemmigheid oor 'n verskeidenheid van sake sal wees, indien u moontlik die Afrikaanse taal, een van die twee amptelike landstale, ook tot sy reg sal laat kom.

'n Groot aantal afgevaardigdes wat aan die gesprekvoering by Kodesa deelneem, is Afrikaanssprekend. 'n Gebaar waarin daar erkenning gegee word aan die feit dat die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner bereid is om oor 'n toekomstige demokratiese bedeling in ons land te onderhandel, sal sonder twyfel die onderhandelingsproses bevoordeel en vergemaklik. Daar sal ook in die breër samelewing 'n groter mate van aanvaarding vir die onderhandelingsproses beslag kry.

Ons sal dit baie hoog op prys stel indien u aan hierdie saak aandag gee.

Met vriendelike groete,

Johann Tempelhoff
(Voorsitter)